
# ETIESE PERSPEKTIEWE OP EGSKEIDING EN HERTROU



| Want Ek haat egskeiding, sê die HERE, die God van Israel – Mal.2:16 |
| --- |

**Naam: Slabbert Le Cornu**

**Studentenommer: 12610356**

**Kursus: Etiek 875**

**Dosent: Prof. JM Vorster**

**Datum: 8 Augustus 2006 AD**

## Inhoudsopgawe

**Inleiding** ........................................ **3**

1.1 Objek van die studie

1.2 Probleemstelling

1.3 Hipotese

1.4 Doel van die studie

1.5 Werkplan

**1. 'n Definisie van egskeiding** ........................................ **5**

**2. Die skokkende realiteit en oorsake van egskeiding** ........................................ **5**

2.1 Skokkende realiteit

2.2 Oorsake

**3. 'n Kort historiese oorsig van verskillende standpunte oor egskeiding** ........................................ **8**

3.1 Inleidend

3.2 Reformatore

3.3 Katolieke beskouing

3.4 Presbiteriaanse standpunt

3.5 Vandag

**4. Die GKSA oor egskeiding** ........................................ **11**

**5. 'n Eie prinsipiële besinning** ........................................ **12**

5.1 Eksegeties

5.2 Pastoraal

5.3 Teologies

**6. Slot** ........................................ **22**

**Bronnelys** ........................................ **24**

## Inleiding

In 1936 het Edward VIII die Britse troon bestyg. Daar was egter 'n probleem: die nuwe koning wou graag trou met 'n geskeide vrou, 'n ene Mev. Wallis Simpson. Edward het gedink hy kan sy private en publieke lewe uitmekaar hou. Die Britse parlement was egter nie daarvoor te vinde nie. Onder leiding van die Britse eerste minister, Baldwin, het die regerings van al die Britse Dominions sy planne verwerp, en die koning versoek om sy verhouding met Mev. Simpson te verbreek of te abdikeer, d.w.s. afstand te doen van die Britse troon. As die koning nie hul voorstel aanvaar nie, sou die hele kabinet bedank. Edward het aan die parlement voorgestel dat hy wel met haar sal trou maar dat sy nie die koningin sal word nie. Op 2 Desember 1936 het die nuus in die publiek uitgelek dat die koning 'n verhouding het met 'n geskeide vrou en met haar wil trou. Die Britse publiek was hewig gekant teen hierdie planne van die koning en 9 dae later, op 11 Desember 1936 het die koning geabdikeer (Cornes, 2002: 19,20).

Ons kan hierdie optrede vandag ons nouliks voorstel. Vandag wil dit blyk dat egskeiding en hertrou eerder 'n deug geword het vir vooraanstaande leiers in ons wêreld. Vandag ontvang leiers wat hul vrouens verlaat het vir ander weivelde die Nobelprys vir vrede.

Maar egskeiding bring nie vrede nie. Dit is 'n oorlogsverklaring teen die gesin, kerk en 'n gesonde samelewing.

### *1.1 Objek van die studie*

Die kwessie van egskeiding is in die tydperk waarin ons vandag leef 'n baie aktuele probleem in die etiek. Daar word ook baie vrae rondom die kwessie van die egskeiding gevra. Die objek van hierdie studie is om ondersoek te doen na etiese aspekte van egskeiding, veral wanneer is egskeiding en hertrou bybels verantwoordbaar.

### *1.2 Probleemstelling*

In die *Formuliere vir die Huweliksbevestiging* staan daar onder andere die volgende:

> En Paulus sê met die oog op Christus en die gemeente dat die huwelik 'n groot verborgenheid is. Hieruit leer ons dat die huwelik, wat in die welbehae van God gegrond is, baie eerbaar is, want dit is 'n afbeelding van die verhouding tussen Christus en die gemeente.

Dit is 'n God se welbehae dat die huwelik die verhouding tussen Christus en sy gemeente sal afbeeld. Daarom is die handhawing van die heiligheid van die huwelik onontbeerlik vir 'n gesonde kerk en samelewing. Tog bevind ons onsself in 'n samelewing waarin daar baie min en selfs geen respek is vir hierdie instelling van God nie. Dit word weerspieël in die geweldige toename wat daar is in die huwelike wat in egskeidings eindig, en dit geld nie net vir nie-kerklike mense nie maar ook en veral kerkmense. Vandag is die verskynsel in die kerk ook nie meer vreemd nie.

Volgens die Heilige Skrif glo ons in die onontbindbaarheid van die huwelik, en tog maak die Skrif wel voorsiening vir egskeiding (Deut.24:1-4; Matt.5:31,32 en 19:9). De Bruyn (1993: 219) verwoord die kerk se standpunt oor huwelik en egskeiding as volg: "... die huwelik (is) volgens die oorspronklike bedoeling van God *onontbindbaar*, maar dat dit deur die sonde tog *verbreekbaar* is."

In hierdie werkstuk wil aandag geskenk word aan die vraag of egskeiding wel beteken dat die huwelik ontbind is. Die vraag is nie of egskeiding wel moontlik is vir die regte rede(s) nie, maar in die besonder of egskeiding wel die huwelik verbreek het tussen twee mense, en dus by implikasie die opsie ooplaat vir 'n verdere huwelik ?

Deur die huidige gebruik toe te laat waarin mense omtrent vir enige rede kan skei en weer te trou, is die kerk van Christus nie net:
- ongehoorsaam aan God se Woord nie,
- word gesonde groei van gesinne, kerke en gemeenskappe nie net vernietig nie,
maar bo alles word die beeld van Christus se verhouding met sy gemeente in sy wese aangetas en verdraai.

### *1.3 Hipotese*

Die huwelik as afbeelding van Christus se verhouding met sy gemeente is lewenslank onontbindbaar en kan alleen deur God verbreek word deur die dood, en nie deur mense nie (Rom.7:2; 1 Kor.7:39). Egskeiding mag alleen plaasvind op grond van die rede wat die Heilige Skrif gee, nl. egbreek/hoerery. Dit beteken dat hertrou alleen kan plaasvind tussen 'n paartjie wat reeds getroud was en weer versoen, of in die geval wanneer 'n persoon se huweliksmaat oorlede is.

### *1.4 Doel van die studie*

Die doel van hierdie studie is om ondersoek in te stel na die bogenoemde etiese vrae aangaande die gebruik van egskeiding en hertrou wat vandag aanvaarbaar geword het in beide kerk en samelewing. Hierdie vrae moet beantwoord word uit die Skrif daarom kan die verdere doel aangedui word om die etiese vraag oor egskeiding en hertrou vanuit die Skrif te beantwoord.

### *1.5 Werksplan*

*Eerstens* word 'n definisie gegee van egskeiding. *Tweedens* word aandag gegee aan die sondige werklikheid en redes vir egskeiding asook die verskeie redes en oorsake vir die toename in egskeiding. *Derdens* word 'n kort historiese oorsig gegee verskillende sienings van egskeiding en hertrou. *Vierdens* word aandag gegee oor die GKSA se standpunt oor egskeiding en hertrou volgens die Handelinge van die Sinode. *Vyfdens* word 'n eie prinspiële beoordeling weergegee.

## 1. 'n Definisie van egskeiding

Adams (1980: 32) gee die volgende definisie van egskeiding wat as vertrekpunt gebruik sal word:

> ... marriage is a Covenant of Companionship. A divorce, then, is the repudiation and breaking of that covenant (or agreement) in which both parties promised to provide companionship (in all its ramifications) for one another. A divorce is, in affect, a declaration that these promises are no longer expected, required or permitted.

Die woord 'skei' (s*epher*) word in die Ou Testament gevind in Deut.24:1, Jes.50:1, Jer.3:8, en beteken letterlik 'om af te sny'. In die Nuwe Testament is die bekendste woorde vir 'skei' die woord *apoluo*, wat letter beteken 'om weg te sit' of 'weg te plaas', of *chorizo* wat beteken om 'om te skei', van mekaar weg te gaan.

## 2. Die skokkende realiteit en oorsake vir egskeiding[1]

*2.1 Die skokkende realiteit*

Die tradisionele stigma wat aan egskeiding en hertrou deur die eeue gekleef het is verby. Die 20ste eeu, veral die tweede helfte daarvan, kan beskryf word as die eeu van die verval en vernietiging van die huwelik. Die statistiek aangaande egskeiding vertel die vernietigende verhaal:

a. In die tydperk 1901-10 was die gemiddele egskeidings per jaar in Engeland en Wallis 593. Teen die 1930's: 5096, 1960's: 39 654, 1970's: 121 991, 1980's: 148 301 en in 1990: 165 018.

b. Brittanje se egskeidings per jaar het van 25 900 in 1960 na meer as 160 000 opgeskuif in 1988.

b. Die EEG-lande se egskeidings per jaar het van 125 300 in 1960 tot 629 724 in 1997 opgeskuif.

c. In die VSA was daar in 1920 een egskeiding vir elke 7 huwelike, en in 1977 is dit 1 van elke 2 huwelike. In 1985 was daar 1 310 000 eerste huwelike en tegelykertyd 1 190 000 egskeidings.

d. Statistiek in die VSA wys daarop dat tussen 60 en 65% van tweede huwelike na egskeidings weer in egskeidings eindig.

e. Wat Suid-Afrika betref, het daar in 1998 146 741 huwelike plaasgevind en 35 792 egskeidings (Botha, 2003: 1). Die hoogste egskeidingsyfer volgens die RGN (2004: 17) se statistiek vir 2001 is onder blankes, dan volg Kleurlinge, Asiërs en Swartes. Vir elke 3 swart egskeidings is daar 7 blanke egskeidings. Amoateng (2004: 26) van die RGN maak ook die volgende belangrike opmerking:

> One explanation of the lower marriage rates lies in the increasing popularity of unmarried cohabitation amongst the younger generation of women and the gradual but steady rise marital dissolution through divorce. Childbearing is still an important family life course event but also occurs relatively late in the country. The relatively late entry into parenthood has naturally exerted a negative impact on childbearing in that today, with a total fertility rate of 2.9 children per woman, the country has the lowest fertility rate in the region.

Cornes (2002: 12) maak die volgende insiggewende konklusie uit die statistiek wat beskikbaar is oor egskeiding en hertrou:

> Stone's conclusion is irrefutable: 'the late twentieth century ... has seen a revolution in behaviour, values and the law, and the rise of divorce from a statistically insignificant oddity to a

[1] Sien veral Birkett, 2000: 14-20; Cornes, 2002: 7-39.

> commonplace event' (p.7). In fact, the statistics tend considerably to underestimate the problem because then only take account of divorces granted and do not include the seperated or what Dominion calls 'those who continue to live under the same roof but have ceased to have a marital relationship' (p.16).

Botha (2003:1) maak die volgende skrikwekkende gevolgtrekking:

> Die hoë voorkoms van egskeiding word nou as 'n onafwendbare feit aanvaar. Dit het tot so 'n mate toegeneem dat dit 'n alledaagse gebeurtenis geword het. Navorsing dui daarop dat een uit elke twee huwelike in die volgende dekade in die egskeidingshof sal eindig en dat 40% van kinders wat in dié tyd gebore word, deur hulle ouers se egskeiding geraak sal word (Sclater, 1999; Petersen & Steinman, 1994:27-39; Shifflett & Cummings, 1999:79).

*2.2 Oorsake van egskeiding*

a. In die woorde van Alexander Solzhenitsyn in die *Time t*ydskrif van 24 Julie 1989, "During the past 300 years of Western civilisation, there has been a sweeping away of duties and an expansion of rights." Daar is vandag 'n oorbeklemtoning van *my* regte ten koste van my pligte, individuele regte ten koste van huweliksregte. Die huwelik word gesien as die vervulling van my eie ervarings en behoeftes. Huwelik is nie meer Godgesentreerd nie, maar mensgesentreerd. Sodoende het wetgewing ook verander wat huwelike nie meer beskerm nie en dit makliker maak om te kan skei. Toe wetgewing verslap is teen egskeiding in Australia in 1976, het dit van ongeveer 9 000 per jaar opgeskuif in 1961-1970 tot 63 230 in 1976 en daardie gemiddeld is sedertien gehandhaaf. Daar word bereken dat 43% van alle huwelike in Australia in 'n egskeiding sal eindig (Birkett, 14). In studies is daar ook gewys dat die kinders gewoonlik die grootste slagoffers is van egskeiding.

b. 'n Gemaksugtige lewenswyse. Onrealistiese verwagtings van 'n maklike huwelikslewe wat net uit geluk bestaan. Dat die huwelikslewe ook baie opofferings vra word baiemaal verswyg.

c. Die bevryding van die vrou. Die feministiese beweging het die vrou as individu teenoor haar man en gesin onafhanklik gemaak. Voorbehoeding, tegnologiese ontwikkeling en dienste om kinders op te pas, het dit vir die vrou moontlik gemaak om buite die huis te gaan werk en meer ontspanningstyd aan haarself te spandeer. In 1931 het slegs 10% vroue buite die huis gewerk in Engeland, in 1968 het dit opgegaan na 68%. Die sogenaamde bevryding van die vroue het hoofsaaklik vier gevolge gehad:

- i. Die werkplek het oopgegaan vir die vrou. Baie vroue het juis deur hul professionele beroep die huwelik as instelling begin bevraagteken.
- ii. Vroue het gemeen dat hul nou finansieël sterker is en het daarom nie meer egskeidings gevrees nie (Vir elke 3 vrouens wat vandag egskeidings aanvra, is daar 1 man wat dit aanvra). Ironies genoeg, het studies daarop gewys dat vroue wat werk, na 'n egskeiding finansieël slegter daaraan af is. Daar word bereken dat enkelouers 86% van die armste mense uitmaak in Australië (Birkett, 2000: 16).
- iii. Daar het ook 'n herbesinning oor die rolle van man en vrou in die huwelik plaasgevind. Weereens het studies egter gewys dat die vrou se taak oor die algemeen nie minder geword het nie, inteendeel, die jaag na 'n profesionele beroep is nou net bygevoeg by haar huishoudelike take.

- iv. Vrouens wil nie meer kinders kry nie, want dit is 'n struikelblok in hul weg na 'n professionele loopbaan. In 1900 het die gemiddelde gesin uit 5 kinders bestaan, vandag is dit minder as die helfte. Studies het ook gewys dat kinders die meeste skade lei onder die gevolge van egskeidings.

d. Die wegneem van ouerondersteuning. Die huwelik het 'n individualistiese saak geword waarin die huwelikspaar probeer wegkom van ouerinvloed in plaas daarvan om ouers se advies in te win.

e. Die sosiale aanvaarding van egskeiding en hertrou. In die verlede wast dit 'n groot skande en skaamte. Vandag is dit algemeen en aanvaarbaar en word daar eerder grappies in die media daaroor gemaak. Die gelowiges wat wys op die erns van die saak, word gewoonlik beskryf as fariseërs, hardvogtiges en hulle is liefdeloos. Alle geskeides en hertrouers word bloot gesien as slagoffers en nie as sondaars nie. Waar in die eerste helfte van die twintigste eeu hertrou vir geskeides verbied is (soos blyk uit die verhaal van koning Edward VIII hierbo), word dit vandag ten sterkste aanbeveel vir geskeides om hul persoonlike behoeftes te vervul en weer 'n 'normale gesinslewe' daar te stel. Ironies genoeg het studies juis bewys dat die teenoorgestelde die geval is, en dat die meeste van sulke huwelike weer in egskeidings eindig en nog meer hartseer en pyn vir al die betrokkenes bring: "Despite popular beliefs, remarriage does not seem to solve the problems generated by divorce." (Cornes, 2002: 12).

f. Die verval van godsdiens. Volgens Stott is die grootste rede vir egskeiding die verval van die Christelike geloof in die Weste. Die sielkundiges en filosowe is van mening dat die Christelike etiek vir die huwelik, om vir die res van jou lewe net met een persoon seks te hê, hoe mooi en edel ookal, te onrealisties is (Statistiek wys dat 6 uit 10 vrouens en 7 uit 10 mans ontrou is aan hul huweliksmaat). In 1970 het 7% vrou voor hul huwelik saamgebly, in 1987 was dit 48%. Daar is ook bewys dat daar 'n 80% groter kans is vir persone wat voor die huwelik saamgewoon het, om te skei na hul getroud is.
Daar kan ook net bygenoem word dat 45% van alle kinders onder die ouderdom van 18 iewers in hul lewe net met een ouer sal saamleef. Hertroue vervreem eerder die kinders verder van hul ouers as om hul nader aanmekaar te bring.

h. Die kerke se verklaring oor egskeiding en hertrou wat verander het. Die vernietigende realiteit van gebroke huwelike, egskeidings en die gebrokke gesinne aan die eenkant, en die veranderende godlose samelewing wat nie meer die Christelike huwelike erken en beskerm nie, het veroorsaak dat die kerk ongelukkig anders na die situasie begin kyk het. Dit het daartoe gelei dat tekste wat handel oor hierdie onderwerp ook anders as in die verlede begin interpreteer is, sodat selfs in kerke daar vir baie meer redes as wat die Skrif gee, egskeidings toegelaat word, en hertrou ook aan skuldige partye toegelaat word.
Kerke sit met die pastorale probleem van soveel huwelike wat op die rotse ge-eindig het, en die lidmate en gesinne wat in hartseer en eensaamheid vasgevang is. 'n Tweede huwelik word dan as die opslossing

beskou, en omdat die tydsgees dit toelaat, en die kerke vol geskeide persone is, is dit nie 'n saak wat aangepak word nie. 'n Tipiese houding van predikante, seker in ons tye ook, is "I do remarry divorcees but I am not at all happy about it" (Cornes, 2002: 33).

Daar word ook nie gepreek oor hierdie onderwerp nie, en daarom verstaan die meerderheid lidmate ook nie meer eers die wesentlike probleem aangaande egskeiding en hertrou nie. Om weer te trou is soos om van politieke party te verander, niemand hou daarvan nie, maar dit is ook nie verkeerd nie. God vergewe sonde, en daarom kan almal vergewe word en nog 'n huwelik begin. Die volgende verskonings word gewoonlik gebruik om die situasie van egskeiding en hertrou aanvaarbaar te maak:

- Die Bybel leer die ideaal maar hou nie tred met ons werklikheid nie.
- Die antwoord is nie bloot swart en wit nie.
- Christus se woorde is nie wette nie maar blote riglyne.
- Die Bybel is oor hierdie onderwerp kultuur-bepaald.
- Daar is baie verskillende menings en interpretasies.

Met hierdie aspekte as agtergrond kan daar nou gekyk word na 'n historiese oorsig van verskillende standpunte oor egskeiding en hertrou.

## 3. 'n Kort historiese oorsig van verskillende standpunte oor egskeiding en hertrou[2]

### *3.1 Inleidend*

Die tradisionele verklaring en standpunt was nog altyd dié van Christus en die Apostels volgens die Skrifte (Matt.5:31ev; 19:1-12; Mark.10:1-12; Luk.16:18; Rom.7:1-3; 1 Cor.7:10ev):

- egskeiding moet heeltemal vermy word, behalwe in gevalle van egbreuk deur owerspel.
- die onskuldige party het die keuse om a) te versoen en voort te gaan met die huwelik of b) te mag skei.
- indien sy skei mag sy nie weer trou terwyl die ander huweliksmaat nog lewe nie.
- in die gereformeerde tradisie –in navolging van D. Erasmus- het daar ook die siening bygekom dat die onskuldige persoon in die geval van egbreuk wel weer mag trou (Heyns, 1986: 172).

De Bruyn (1993: 220) gee nog 'n rede vir 'n bybels-wettige egskeiding (behalwe egbreuk), nl. kwaadwillige verlating as gevolg van godsdienstige redes, gebaseer op 1 Kor.7:10-17.

### *3.2 Die Reformatore*

Calvyn (1998) wys in sy verklaring van Matt.19:9 dat die huwelik in wese onontbindbaar is. Slegs owerspel en kwaadwillige verklaring kan die huwelik ontbind en dan kan die onskuldige party weer trou. Luther beskryf ook in sy bekende werk "Die Babiloniese Gevangeneskap van die Kerk", dat die twee gronde vir egskeiding egbreuk en kwaadwillige verlating is, en dat die onskuldige party weer kan trou.

---
[2] Sien Engelsma, 1998: 157-229.

Die reformatore was oor die algemeen van mening dat die sondige dade van die mens dus wel die huwelik kan ophef, en nie God alleen wat deur die dood die huwelik ophef nie.

In hierdie standpunt het die reformatore met die vroeë kerk en die Anglikaanse kerk gebreek. Hulle het die Rooms-Katolieke humanis, D. Erasmus, gevolg (Wenham & Hess, 1984: 13). Van Bruggen (1979: 55) skryf:

> In de eeuwen die aan de grote Reformatie van de 16de eeu voorafgingen, gold het huwelijk in Europa als onontbindbaar. Zelfs overspel en kwaadwillige verlating vormden geen reden om het huwelijk als beëindig te beschouwen en de deur naar een tweede huwelijk geopend te zien. Mede onder invloed van Erasmus aanvaarde de kerk van de Reformatie het standpunt van de Oosterse Kerken: overspel ontbind het huwelijk.

Die reformatoriese geleerde, Robert Kingdon (Engelsma (1998: 179) wys daarop dat die "Catholic polemicists ... were by this time frequently claiming that people turned Protestant and fled to places like Geneva solely to escape wives they no longer wanted and in the hope of a new sexual partner" en "the modern explosion in divorce ... [in] the twentieth cenury ... began in the sixteenth century ... with the Protestant Reformation."

Alhoewel dit die goeie bedoeling van die reformatore was om die huwelik in ere te herstel, blyk die teenoorgestelde die uitwerking te wees, omdat dit juis in Westers-Protestantse lande is waar egskeidings die hoogste is.

Walker (1997: 461) beskryf dan ook die skokkende gebeure om die Landgraaf Philip van Hesse wat in die 16de eeu nie meer sy vrou wat hom sewe kinders gebaar het 'bemin' het nie. Hy het konstant in egbreuk geleef, maar, sy gewete het hom tog gepla en toe kom hy met 'n oplossing: poligamie. Sy drie godsdienstige adviseurs het hom egter as volg geadviseer: poligamie is verkeerd, maar in sekere gevalle van gewetensprobleme en vir pastorale en politieke doelwitte, kan daar uitsonderings wees. Hulle beveel hom aan om nie te skei nie, maar om wel bigamie te pleeg, d.w.s. te trou met nog 'n vrou. Sy tweede huwelik moes in die geheim plaasvind sodat dit sou lyk asof sy tweede vrou eerder 'n byvrou is.
Wie was die drie teoloë: Luther, Melancheton en Bucer.

Vandag is dit dan ook nie 'n vreemde verskynsel dat egskeiding en hertrou vir watter redes ookal toegelaat en verdra word in die kerk van Christus nie. Engelsma (1998: 179) noem die leer van die reformatore oor egskeiding en hertrou dan ook die skandaal van die Reformasie.

### *3.3 Die Katolieke beskouing*[3]

Die Katolieke Kerk het vir 400 jaar na die apostoliese tyd geleer dat hertrou na egskeiding ontoelaatbaar is. Die Reformatore het gebreek met die hierdie standpunt.

---

[3] Let wel: nie die *Rooms*-Katolieke beskouing nie.

Die volgende kerkvaders en konsilies het almal geleer dat die die huwelik onontbindbaar is, en dat daar geen hertrou mag wees na egskeiding nie: Hermas (AD 75), Clement van Alexandrie (2de eeu), Tertullianus (4de eeu), Augustinus (5de eeu), Konsilies van Elvira (305 AD) en Arles (314), asook die Sinode van Carthage (407 AD). Augustinus het in sy eksegese van die 'moeilike' gedeelte in Matt.19:9 daarop gewys dat die 'uitsonderingsklousule' nie gronde gee vir hertrou nie.

Engelsma (1998: 191) som die vroeë kerk se standpunt as volg op:

> The simple fact is that with virtually one voice the early church rejected all remarriage after divorce, including the remarriage of the innocent party. It did so because it held the marriage of Christians to be an indissoluble bond, broken only by death. This doctrine of marriage, divorce, and remarriage prevailed in the church of the West during the middle ages.

Die Katolieke standpunt moet nie verwar word met die Rooms Katolieke standpunt van die huwelik as 'sakrament', wat eers in die 12de eeu na vore gekom het nie. Die standpunt dat die huwelik nie vernietig kan word deur egbreuk of verlating nie, was lank voor die Pousdom reeds daar.

### *3.4 Die Presbiteriaanse standpunt*

Die Presbiteriaanse siening oor huwelik, egskeiding en hertrou word in die *Westminster Confession* (24:6) saamgevat:

> Although the corruption of man be such as is apt to study arguments unduly to put asunder those whom God hath joined together in marriage: yet, nothing but adultery, or such willful desertion as can no way be remedied by the church, or civil magistrate, is cause sufficient of dissolving the bond of marriage: [Matt. 19:8-9; I Cor. 7:15; Matt. 19:6] wherein, a public and orderly course of proceeding is to be observed; and the persons concerned in it not left to their own wills, and discretion, in their own case. [Deut. 24:1-4].

In seker die bekendste werk oor hierdie onderwerp in hierdie tradisie, is deur John Murray (1961: 43), genaamd *Divorce*, waarin hy beskryf: "In simple terms it means that divorce in such a case (owerspel - SLC) dissolves the marriage and that the parties are no longer man and wife."

Adams (1980: 86), die bekende presbiteriaanse berader se standpunt is dat "All persons properly divorced may be remarried" (sien ook MacAarthur, 2000; Retief, 1990)

### *3.5 Vandag*

Vandag, in die (post)moderne wêreld is daar hoofsaaklik vier standpunte oor egskeiding en hertrou (House, 1990), wat kortliks as volg opgesom kan word:

- geen egskeiding of hertrou nie (JC Laney).
- egskeiding maar geen hertrou nie (WA Heth).
- egskeiding en hertrou vir egbreuk en verlating (TR Edgar).
- egskeiding en hertrou onder 'n verskeidenheid van omstandighede.

Uit die praktyk vandag is dit duidelik dat laasgenoemde hoogty vier in westerse lande. Onder die aanslag van antinomianisme en 'n verwarring tussen pastorale bewoëndheid en losbandige sentimentaliteit, word egskeiding en hertrou vrylik in kerke toegelaat (Stott, 1990: 287). Teoloë soos Schaeffer, Henry, Heth, Wenham, Piper, Crones, Steel en Ryrie het hierdie toestand sterk gekritiseer. Hul standpunt kan as volg verwoord word (Engelsma, 1998: 211): "... a believer who suffers the misfortune of a divorce has two clear options: remain unmarried or be reconciled to one's mate. To teach anything else is inconsistent with God's standard for marriage."

Alhoewel daar nog formeel in die reformasie kerke bely word dat die huwelik onontbindbaar is, en dat dit slegs deur egbreuk en kwaadwillige verlating verbreek kan word, en dat slegs die onskuldige partye mag hertrou, blyk dit dat in die praktyk omtrent enige redes aanvaarbaar geword het. Predikante hanteer maar elke geval uniek op sy eie manier soos hy goeddink.

## 4. Die GKSA oor egskeiding en hertrou

In Desember 1990-1991 uitgawe van die tydskrif *Oriëntasie* skryf dr. Neels Smit dat die Skrif alle verbreking van die huwelik verwerp. Die huwelik is nie 'n sakrament nie maar egbreek tas die beeld tussen Christus en sy gemeente aan. In dieselfde uitgawe skryf ds. Gert Kruger ook teen hertrou en wys daarop dat indien iemand met 'n geskeide persoon trou, dit volgens die Skrif inderwaarheid egbreek is, omdat die ander persoon nog getroud is. Dit is egter wel waar dat die kerk streng is in beginsel, maar slap is in die toepassing daarvan in die praktyk (Engelsma, 1998: 221, 222; Kroeze, 1982: 63-68). In die praktyk word hertroue verdra, indien daar bekering en belydenis van sonde plaasgevind het.

Soos hierbo vermeld, wys De Bruyn, bekende etikus van die GKSA, daarop dat volgens hom die huwelik wel breekbaar is deur egbreuk en kwaadwillige verlating (1993: 218ev). Dit blyk dat hierdie die nie-amptelike heersende standpunt van die gemeentes in die GKSA is, ten minste in teorie, maar in die praktyk word elke geval op sy eie meriete hanteer. Dit blyk in lyn te wees met die reformatore van die 16de en 17de eeu se standpunt soos verwoord in die Westminster Konfessie.

Die GKSA se amptelike standpunt oor egskeiding word egter in die Rapport in sake Egskeidingsgronde, soos aan vaar deur die Sinode van 1964[4] verwoord:

> Op grond van die duidelike uitsprake van Jesus in Matt.5:32; Luk.16:18; Matt.19:9 en Mark.10:11,12 moet egbreuk gesien word as die gekombineerde daad van skeiding en hertrou (rapport Sinode 1961, Acta, p.494, rapport voor die Ekumeniese Sinode, Acta, p.80). Verder aangehaal uit eersgenoemde rapport "Dit sluit in dat eenvoudige skeiding (bv.tussen tafel en bed) nie juis as egbreuk bestempel hoef te word nie, maar dat die onverbreekbaarheid van die huwelik meebring dat solank die ander party lewe, geen ander huwelik aangegaan mag word

[4] Hier aanlyn beskikbaar, GKSA Handelinge, 1964, bl. 468-476: https://bit.ly/3SbSaTe, of hier: https://wp.me/aM9VW-2zZ

nie" (Acta 1961, p.494). ... Die woorde 'maak dat sy egbreuk pleeg' wys tog in die rigting van hertrou wat dan ook vir die onskuldige party sonde sou wees. Hoerery kan aanvaar word as wesenlike verbreking van die huwelik. Kan dit ook van skeiding in geval van ongeloof gesê word in die lig van 1 Kor.7:12-14 ? U depate is van mening dat in die geval van 1 Kor.7:15 hertrou as 'n daad van egbreuk bestempel moet word wat die onskuldige party betref.

> **Besluit:** Die Sinode neem met waardering kennis van die waardevolle korrelering van besluite van vorige sinodes, asook studies in verband met die Rapport ad hoc van die Ekumeniese Sinode van 1958, en die woord 'porneia', en herbevestig in die lig van hierdie studie die besluite van 1924 (Acta, bl.44) en 1939 (Acta, bl.42) dat die Skrif egskeiding slegs om een rede toelaat, nl. hoerery (Matt.5:32; 19:9).

Samevattend: Die GKSA se sinodebesluit bevestig dus dat egskeiding slegs weens hoerery kan plaasvind, en dat slegs die onskuldige party in die geval van owerspel, weer mag trou, maar nie in die geval van verlating oor ongeloof nie, dan is hertrou ontoelaatbaar.

## 5. 'n Eie prinsipiële besinning ...

In my eie besinning van hierdie etiese probleem van egskeiding en hertrou, wil ek die saak benader met drie vrae wat myns insiens sentraal staan.

- eksegeties: wat leer die Skrif ?
- pastoraal: hoe bepaal ons standpunt oor huwelik, egbreuk en hertrou hoe ons pastoraal die huidige krisis gaan hanteer ?
- teologies: watter beeld van die verhouding tussen Christus en sy gemeente stuur ons die wêreld in ?

### *5.1 Eksegeties*[5]

Daar is 'n hele aantal skrifgedeeltes wat relevant is om hierdie etiese probleem aan te spreek. Die volgende Skrifgedeeltes staan sentraal in die debat:

- Gen.1:26-28; 2:15-25
- Deut.24:1-4
- Matt.5:31,32; 19:1-12 (lees dit in verband met Luk.16:18; Mark.10:1-12)
- Rom.7:1-3
- 1 Kor.7:10-15,39.

Hierdie gedeeltes moet in hul konteks saam bestudeer word om tot 'n geheelbeeld te kom oor die kwessie van egskeiding en hertrou. Daar gaan nie op elke teks uitsonderlik ingegaan word nie, maar die gedeeltes gaan alles in die lig van Christus se woorde oor egskeiding in die Nuwe Testament bestudeer word. Hierdeur word aangesluit by die gereformeerde hermeneutiek (Coetzee, De Klerk & Floor, 1980: 20):

[5] Die volgende verklaarders se eksegese is o.a. in ag geneem (sien bronnelys): Adams, Cornes, Engelsma, House, MacArthur, Murray, Stott, Van Bruggen en Wenham & Hess.

'n Besonder belangrike faset hiervan is die feit dat die eksegeet/hermeneut baie deeglik rekening moet hou met die openbaringshistoriese situasie van enige betrokke Skrifwoord. Ons móét rekening hou met die feit dat dit God behaag het om Hom en sy wil in die loop van die geskiedenis algaande al duideliker te openbaar. 'n Teks in, sê Eksodus, en 'n teks in Romeine mag dus nie sommer so gelykskakelend langs mekaar gestel word nie. Die LATERE woord in die Godsopenbaring oor DIESELFDE SAAK is altyd deurslaggewend teenoor die voorafgaande !

Die basisteks vir die bespreking van egskeiding is Christus se woorde in Matt.19:1-12:

> EN toe Jesus hierdie woorde geëindig het, het Hy van Galiléa vertrek en in die gebied van Judéa oorkant die Jordaan gekom.
> 2 En groot menigtes het Hom gevolg, en Hy het hulle daar gesond gemaak.
> 3 Toe kom die Fariseërs na Hom om Hom te versoek, en sê vir Hom: Is dit 'n man geoorloof om oor allerhande redes van sy vrou te skei?
> 4 En Hy antwoord hulle en sê: Het julle nie gelees dat Hy wat hulle gemaak het, hulle van die begin af man en vrou gemaak het nie,
> 5 en gesê het: Om hierdie rede sal die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle twee sal een vlees wees;
> 6 sodat hulle nie meer twee is nie, maar een vlees? Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie.
> 7 Hulle sê vir Hom: Waarom het Moses dan beveel om 'n skeibrief te gee en van haar te skei?
> 8 Hy antwoord hulle: Omdat Moses weens die hardheid van jul harte julle toegelaat het om van julle vroue te skei; maar van die begin af was dit nie so nie.
> 9 Maar Ek sê vir julle, elkeen wat van sy vrou skei, behalwe oor hoerery, en 'n ander een trou, pleeg egbreuk; en die wat die geskeie vrou trou, pleeg egbreuk.
> 10 Sy dissipels sê vir Hom: As die saak van 'n man met 'n vrou so is, dan is dit nie wenslik om te trou nie.
> 11 Maar Hy sê vir hulle: Almal vat hierdie woord nie, maar net dié aan wie dit gegee is.
> 12 Want daar is persone wat onbekwaam is om te trou, wat van die moederskoot af so gebore is, en daar is persone wat deur die mense onbekwaam gemaak is, en daar is persone wat hulleself onbekwaam gemaak het ter wille van die koninkryk van die hemele. Wie dit kan vat, laat hom dit vat.

Die Fariseërs kom na Christus met die 'sondige wêrklikheid' van die praktyk van egskeiding wat ook hoogty gevier het in die eerste eeu. Hulle kom nie met pastorale besorgdheid oor God se Naam wat deur egbreuk onteer word, of gesinne en die gemeenskap wat daardeur vernietig word nie. Hul doel is om Hom te probeeer uitvang, om Hom te 'versoek' sê die teks. Hulle wil vir die godsdienstige gemeenskap wys dat Hy in stryd met die skrifgeleerdes se uitsprake, in stryd met Moses, leer en optree. In hul oë is Christus se leringe 'belaglik' en 'onprakties' en 'werlikheidsvreemd', en hierdie is nog 'n geleentheid om dit uit te wys.

Hulle vra Christus dan of die mens[6] vir enige redes wettiglik mag skei ? In Christus se tyd was daar 2 skole: die *Shammai* wat geglo het 'n mens mag slegs vir huweliksontrou skei, en die *Hillel* wat geglo het 'n man kan van sy vrou skei as hy enigiets "skandeliks" in haar vind (Gispen, 1977). Dit is duidelik uit die vraag dat die Fariseërs van mening was dat laasgenoemde die 'leer van Moses' was en dit hulle 'n (mense)reg gegee het om te skei volgens hul eie redes.

[6] ἀνθρώπῳ

Hoe antwoord Christus ?

Besef Hy soos die meeste predikante en sielkundiges en ons huidige samelewing dat die onontbindbaarheid van die huwelik maar bloot 'n 'ideaal' is, en nie rekening hou met die sondige werklikheid nie ? Kies Christus die pragmatiese uitweg ?

Christus antwoord deur terug te gaan na die skeppingsordening: "Het julle nie gelees dat Hy wat hulle gemaak het, hulle van die begin af man en vrou gemaak het nie, [5] en gesê het: Om hierdie rede sal die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle twee sal een vlees wees; [6] sodat hulle nie meer twee is nie, maar een vlees?"

Christus verwys hier na Genesis 2:24.

Daardeur leer Christus ons hoe om met enige etiese saak of probleem om te gaan. God se wil moet nie aanpas by ons sondige werklikheid nie, maar die sondige werklikheid moet bekeer en reformeer terug na God se wil. Die sondige bedeling van egskeiding moet gelees en verstaan word binne God se skeppingsordening van die huwelik 'tot die dood ons skei', tussen een man en een vrou. Daarom dat Christus ook die sentrale stelling maak uitgaande van God se wil en skeppingsordening in Genesis 1 en 2, naamlik:

*Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie* (v.19:6).

Hierdie sin dui op die onontbindbaarheid of onverbreekbaarheid van die huwelik, gebaseer op God se wil en nie die menslike wil nie.

Natuurlik is hierdie antwoord vir die Fariseërs te 'idealisties en te swart/wit,' en daarom beroep hulle hul op Moses, wat volgens die Fariseërs, vir hulle "beveel om 'n skeibrief te gee en van haar te skei" (v.7).

Hier is dit belangrik om te let op die woorde wat die Fariseërs gebruik, veral die woord 'beveel', en die frase 'en van haar te skei'. Die Fariseërs verdraai Deut.24:1-4 om dit te verander van 'n beperking van die gevolge van 'n sondige situasie, na 'n (mense)reg om van jou vrou te skei. Hulle misbruik nog vir Moses self deur te beweer dat hy hul 'beveel' het om so op te tree, so asof hul nie 'n 'keuse' het in sulke geval nie.

As 'n mens Deut.24:1-4 egter noukeurig lees, dan is dit duidelik dat ons hier juis te doen het met 'n gevallewet wat die sondige praktyk van egskeiding *se gevolge* beperk het, en geensins 'n positiewe goedkeuring of verdraagsaamheid teenoor die sonde van egskeiding nie. Die hele gedeelte is 'n voorwaardelike sin (as ... dan). Die protasis of voorwaardelike bysin is:

> "**AS** 'n man 'n vrou neem en met haar trou, en as sy dan geen guns in sy oë vind nie, omdat hy iets skandeliks aan haar ontdek het, en hy haar 'n skeibrief skrywe en in haar hand gee en haar uit sy huis wegstuur, [2] en sy uit sy huis uittrek en weggaan en 'n ander man s'n word, [3] en dié

laaste man haar haat en haar ’n skeibrief skrywe en in haar hand gee en haar uit sy huis wegstuur, of as dié laaste man sterwe wat haar vir hom as vrou geneem het”

waaruit die apodosis/ gevoltrekkende hoofsin vloei:

> 4 **DAN** mag haar eerste man wat haar weggestuur het, haar nie weer neem, dat sy sy vrou word nadat sy onrein geword het nie; want dit is ’n gruwel voor die aangesig van die HERE, en jy mag op die land wat die HERE jou God jou as erfenis sal gee, geen skuld laai nie.

Van Bruggen (1979: 51ev) verklaar dit treffend as volg:

> “Het blijkt dat Deuteronomium 24 niet de instelling is van de scheidbrief: die kende men algemeen in het Oosten. ... De scheidbrief plaatst de mens op de tweesprong: of verzoening met de echtgenoot of trouwen met een ander en zich bezondigen. Nu heeft de HERE zijn volk dat uit Egypte kwam en dat het leven in het verbond weer moest leren, met geduld geleid. Ze moesten de echtskeidingspraktijk afleren. Het onderwijs van Deuteronomium 24 legt in feite de echtscheiding onder een ban. .... Men (*verwysende na die Fariseërs in Matt.19* – SLC) heeft van Gods geduld een speelruimte gemaakt voor verruiming van die echtscheidingsgronden. ... Waarom formuleert de Heiland *vanuit het tweede huwelijk* ? Omdat Deuteronomium 24 juist daarover ging. Het tweede huwelijk blokkeert de terugkeer tot de oorspronklijke man. Dat betekent nu: het tweede huwelijk is echtbreuk. En deze hoofdles van Moses geeft Christus door. ... Geboden en wetten die het kwade beteugelen normaliseren dat kwaad daarmee niet!”

Christus verduidelik dit dan ook in sy antwoord aan die Fariseërs (v.8):

> Omdat Moses *weens die hardheid van jul harte julle toegelaat het* om van julle vroue te skei; maar van die begin af was dit nie so nie.

Hieruit wys Christus dat die skeibrief ‘toegelaat’ is (en nié beveel is nie) a.g.v. die sondige situasie en nie God se skeppings- en geopenbaarde wil (Gen.2:24; Ex.20:14) is nie. Hy beklemtoon opnuut ‘maar van die begin af was dit nie so nie’: “Letterlik is die woorde só dat ‘n mens die indruk kry dat Moses hier ‘n bestaande gebruik om ‘n skeibrief te gee, eenvoudig aanvaar en net die gruwel wil voorkom van die vrou weer te neem nadat sy aan ‘n ander man behoort het, sien Jes.50:1; Jer. 3:1,8” (Gispen, 1977).

Dus, ongeag voorstaanders vir egskeiding vir-allesoorte-redes se beroep op hierdie gedeelte, is dit teen Christus se bevel in hierdie gedeelte. Christus wys dat God se skeppingsordening sy wil is vir ons huwelikslewe, en nié die ‘hardheid van ons sondige harte’ nie. Ons moet na God se wil strewe, en nie bloot sonde en die gevolge daarvan probeer beperk nie. Ons moet terugkeer na God se wil in woord en daad.

Christus kom dan in vers 9 en maak dit baie duidelik dat “elkeen wat van sy vrou skei, behalwe oor hoerery, en ’n ander een trou, pleeg egbreuk; en die wat die geskeie vrou trou, pleeg egbreuk” (sien ook Matt.5:31,32; Mark.10:11, 12; Luk.16:18).

Hier vind ons dan die sogenaamde ‘uitsonderingsklousule’: ‘behalwe oor hoerery’. Oor hierdie frase is daar al ‘n verskeidenheid van verklarings gegee. Dit beteken onder andere:

- hoerery beteken enigiets 'skandeliks', wat natuurlik daartoe lei dat 'n mens kan skei vir omtrent enige rede (sien vers 3 !).
- hoerery verbreek die huwelik, en daarom kan die 'onskuldige party' skei.

Van Bruggen (1979: 55) som historiese standpunt en die reformasie se standpunt as volg op:

> Over deze paar woorden ('tenzij wegens overspel') is zeer veel geschreven. Zij die het oude standpunt willen handhaven, zijn van mening dat Christus in geval van overspel wél de scheiding, niét het tweede huwelik toestaat. In de kerken van de Reformatie werd de overheersende gedachte dat overspel niet alleen de scheiding wettigt, maar ook het hertrouwen.

Die groot vraag hier is natuurlik of die uitsonderingsklousule die voorafgaande frase "elkeen wat van sy vrou skei" kwalifiseer, of die opvolgende frase "en 'n ander een trou".

Gereformeerde verklaarders en etici is dit omtrent almal eens dat Christus hier die enigste wettige rede gee vir egskeiding, nl. hoerery/owerspel, wat alles te doen het met seksuele sondes bv. buite-egtelike seks, homoseksualiteit, bestialiteit, ens. Die groot verskil egter, na aanleiding van die vraag wat die uitsondersingsklousule kwalifiseer, is:
- beteken dit dat die huwelik wel verbreek word deur egbreek, en, samehangend daarmee:
- gee dit daarom rede vir hertrou van een of albei die partye ?

Die probleem met die 'onskuldige party mag weer trou, maar nie die skuldige party nie' argument, is dat nie een van die partye is werklik of heeltemal onskuldig aan die 'vernietig van die huwelik nie' (Heyns, 1986: 172) , en, tweedens, as egbreek die huwelik ontbind, dan beteken dit vanselfsprekend dat die huwelik ook vir die skuldige party ontbind word en kan hy of sy tog na bekering en belydenis weer trou.

Hierdie sin van Christus is moeilik om te verklaar omdat die uitsonderingsklousule die voorafgaande of daaropvolgende frase kan kwalifiseer. In lyn met die gereformeerde hermeneutiek, wat leer om Skrif met Skrif te vergelyk, moet 'n mens dus verder ondersoek doen na ander Skrifgedeeltes, om sodoende die 'onduideliker' gedeelte deur duideliker gedeeltes te verklaar. Ons lees dan verskillende gedeeltes in die Skrif :

> 10 En in die huis het sy dissipels Hom weer oor dieselfde saak gevra. 11 En Hy sê vir hulle: Elkeen wat van sy vrou skei en 'n ander een trou, pleeg egbreuk teen haar; 12 en as 'n vrou van haar man skei en met 'n ander een trou, pleeg sy egbreuk. – Markus 10
>
> 18 Elkeen wat van sy vrou skei en 'n ander een trou, pleeg egbreuk; en elkeen wat trou met die vrou wat van haar man geskei is, pleeg egbreuk. – Lukas 16
>
> OF weet julle nie, broeders - want ek spreek met mense wat die wet ken - dat die wet oor die mens heers so lank as hy lewe nie? 2 Want die getroude vrou is deur die wet aan die lewende man gebonde; maar as die man sterwe, is sy ontslae van die wet van die man. 3 Daarom dan, as sy 'n ander man s'n word terwyl haar man lewe, sal sy 'n egbreekster genoem word; maar as die man sterwe, is sy vry van die wet, sodat sy nie 'n egbreekster is as sy 'n ander man s'n word nie. – Romeine 7

[39] ’n Vrou is deur die wet gebonde so lank as haar man lewe; maar as die man ontslaap het, is sy vry om te trou met wie sy wil, maar net in die Here. – 1 Kor.7

In die Markus en Lukas deel is dit duidelik dat nié net die skuldige persoon egbreuk pleeg nie, maar dat as die onskuldige party trou, hy of sy dan ook egbreuk pleeg. In Romeine 7 en 1 Kor.7 word dit pertinent gestel dat die huwelik eers ontbind is wanneer die huweliksmaat sterwe.

Konklusie uit eksegese: Groenewald (1973) se opsommende verklaring by Mark.10:10-12 blyk die regte verklaring te wees:

> In ’n huis waar die dissipels die geleentheid het om vertroulik met Hom te praat, stel hulle verdere vrae oor die huwelik. Jesus beklemtoon opnuut die heiligheid daarvan, tans deur te wys op die sonde van egbreuk wat kan volg op die sonde van egskeiding. **Solank as die man of vrou lewe, is die huwelik onontbindbaar, aangesien dit sy oorsprong in God het. Indien ’n man skei en met ’n ander vrou trou, verlei hy die tweede vrou tot egbreuk, d.w.s. hy pleeg self ook egbreuk. Dieselfde is waar van die vrou wat hertrou.** Indien dit dan voorgekom het dat Herodias haar man, Filippus, verlaat en met ’n ander, nl. Herodes, trou, doen sy ’n sondige daad wat beslis nie toelaatbaar is nie. Deur teen so ’n daad op te tree, het Johannes die Doper die eer van God verdedig.[7]

Bogenoemde skrifgedeeltes wat behandel is, leer dat die huwelik lewenslank onontbindbaar is en kan nie deur die sonde van die mens verbreek word nie. Die huwelik kan alleen deur God verbreek word deur die dood (Rom.7:2; 1 Kor.7:39). Egskeiding mag alleen plaasvind op grond van egbreuk (Matt.19:9) en geen ander redes nie. Die skuldige en onskuldige party pleeg egbreek as hul weer trou terwyl hul geskeide huweliksmaat nog in die lewe is. Dit beteken dat hertrou alleen kan plaasvind tussen ‘n paartjie wat reeds getroud was en weer versoen het, of in die geval wanneer ‘n persoon se huweliksmaat oorlede is.

### *5.3 Pastoraal*

Indien die konklusie uit die eksegese by 5.2 aanvaar word, kom die vraag op hoe moet ons die huidige sondige krisissituasie van egskeiding en hertrou hanteer ? En wat van daardie man (of vrou deesdae !) wat hul huweliksmaat of verskeie wyses geestelik en fisies mishandel ? Moet hul nou saambly vir altyd in daardie hartseer haaglike omstandighede ?

Nee, dit is ook nie wat die Skrif leer nie, en juis omdat Christus die ‘verhardheid van ons hart’ ken, en sy dwalende skape liefhet, daarom het Hy ook deur sy Woord ons daarin leiding gegee.

Eerstens, is die weg van egskeiding oop vir die onskuldige party om te volg. Sy is egter nie verplig om hierdie weg te volg nie, maar kan. Sy of haar keuse is (Engelsma, 1998: 211): “... a believer who suffers the misfortune of a divorce has two clear options: remain unmarried or be reconciled to one’s mate. To teach anything else is inconsistent with God’s standard for marriage.”

[7] Beklemtoning bygevoeg.

Dit is dan seker ook een van die grootste pastorale redes waarom hertrou ook ontmoedig moet word, want dit maak die pad van toekomstige versoening, huwelik- en gesinsherstel vir altyd toe. Hoeveel mooi getuies was daar dan ook nie al in die geskiedenis van huweliksmaats wat mekaar na jare weer gevind het en 'happily ever after' gelewe het 'till death do us part'. In hierdie sin is hertrou ook negatief teenoor kinders wat hoop en bid hul ouers kom weer bymekaar uit.

Tweedens, leer die Skrif dat daar wel 'skeiding van tafel en bed' kan kom vir 'n onbepaalde of bepaalde tydperk, sodat versoening hopelik geleidelik kan plaasvind. Dit kan bv veral geld vir gevalle waar 'n huweliksmaat sukkel met drankverslawing, onverantwoordelik met geld omgaan, geneig is om geweldadig te word, ens. In 1 Kor.7:10-15 word God se Woord ook hier vir ons pastoraal aangebied:

> [10] En aan die getroudes beveel ek - nie ek nie, maar die Here - dat die vrou nie van die man moet skei nie; [11] en as sy tog van hom skei, moet sy ongetroud bly, of haar met haar man versoen; en dat die man sy vrou nie moet verstoot nie. [12] Maar vir die ander sê ek - nie die Here nie - as enige broeder 'n ongelowige vrou het en sy dit goedvind om met hom saam te lewe, moet hy haar nie verstoot nie; [13] en as 'n vrou 'n ongelowige man het, en hy dit goedvind om met haar saam te lewe, moet sy hom nie verstoot nie. [14] Want die ongelowige man is geheilig deur die vrou, en die ongelowige vrou is geheilig deur die man; want anders sou julle kinders onrein wees, maar nou is hulle heilig. [15] Maar as die ongelowige wil skei, laat hom skei. In sulke gevallê is die broeder of suster nie gebonde nie. Maar God het ons tot vrede geroep.

In vers 10 en 11 veronderstel Paulus dat die vrou skei omrede hoerery (Matt.19:9) en dan gee hy vir haar haar keuse:

- bly ongetroud, of
- versoen met jou man

Met die frase "en dat die man sy vrou nie moet verstoot nie", word veronderstel dat die man as die skuldige party ook ongetroud sal bly, en dat hy dan nie 'n keuse het nie: hy moet die vrou van sy verbond terugneem.

Vers 15 wil sekeres verklaar as 'n rede vir iemand om weer te kan trou (De Bruyn, 1993: 220). Dit is egter nie wat daar staan nie. Die woord 'gebonde' dui hier daarop dat sy nie 'n slaaf van die moeilike omstandighede hoef te wees nie. Sy kan haar man 'laat gaan' of 'laat vertrek', want dit is wat letterlik bedoel word met die woord 'skei' in hierdie geval. Die daaropvolgende frase dui dan ook daarop dat God nie chaos in die lewe van sy kinders wil hê nie, en daarom hierdie toelating terwille van sy kind: "Maar God het ons tot vrede geroep." Hier word egter nie gronde gegee om weer te kan trou nie, want dit sou in stryd wees met Rom.7:1-3; 1 Kor.7:39 (sien hierbo) en die res van die Skrif.

Derdens, sal baie dan ook die vraag vra: maar is daar dan nie vergifnis nie ? Is ons nie te 'hard' nie ? Ja, daar is vergifnis, God vergewe ons in Christus maar Hy handhaaf nogsteeds sy reg. Die evangelie hef nie die wet van God op nie (Rom.3:31). God vergewe ons ons gebroke huwelike, maar sy vergifnis gee ons nie die reg om nou weer te gaan sondig nie (Joh.8:11). Wat maak ons dan met Hebreërs 13:4 ?

In Matt.19 is dit nie net die Fariseërs, die Christushaters wat aanstoot neem nie, ook die dissipels is verbaas en geskok: "Sy dissipels sê vir Hom: As die saak van 'n man met 'n vrou so is, dan is dit nie wenslik om te trou nie" (v.10).

Die huwelik is 'n saak van groot erns vir Christus, en daarom handhaaf Hy God se wil daaroor en verwag dit nou van sy kerk, al veroorsaak dit aanstoot.

As 'n homoseksuele persoon tot geloof en bekering kom, dan eis ons van Hom volgens die Skrif:

> [10] Moenie dwaal nie! Geen ... sodomiete ... sal die koninkryk van God beërwe nie. [11] En dit was sommige van julle; maar julle het jul laat afwas, maar julle is geheilig, maar julle is geregverdig in die Naam van die Here Jesus en deur die Gees van onse God. ... [18] Vlug vir die hoerery. ... Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort. – 1 Kor.6

Ja, die bekeerde homoseksueel moet sy lewe lank stry teen die sonde van homoseksualisme. Moet die geskeides dan nie ook hul kruis opneem en elke dag stry teen hulle verkeerde begeertes om in egbreek te bly nie ? Hoekom moet die bekeerde homoseksueel die kruis opneem en nie die 'hoereerder en egbreker' ook nie ?

Engelsma (2005: 51) verwoord dit as volg:

> If sexual pleasure and the earthly comforts of life override Christ's demand for costly, sacrificial discipleship in the greater matter of marriage, why should that mercy strangely narrow so as to exclude another who transgress the same commandment in another gross way-homosexual acts?

Matteus 19 staan juis in die konteks van die gedeelte oor die ryk jongman waarin Christus ook verklaar dat by God alle dinge moontlik is (v.26) en dan sê Hy in vers 29,

> En elkeen wat huise of broers of susters of vader of moeder of vrou of kinders of grond *ter wille van my Naam* verlaat het, sal honderd maal soveel ontvang en die ewige lewe beërwe.

Vierdens, is dit egter ook so dat alhoewel ons onwettige hertroues moet verwerp, ter wille van die toekoms van ons gesinne en kerke, dat ons egter rekening moet hou dat ons vandag in so katastrofe van die gevolge van egskeiding en hertrou lewe, dat dit blyk onmoontlik sou wees om nou van onwettig 'huwelike' te vereis om te ontbind. Baie dierbare gelowiges het juis deur of onkunde of misleiding in die huidige penarie beland. Verder sal dit ook nie help om 'n bestaande verkeerde situasie nog verder te vererger deur verdere egskeidings en 'ontbinding' van huwelike te vereis nie (Stott, 1990: 296; Wenham & Hess, 1997: 200,201).

Vyfdens, kerke wat dan wel tot die oortuiging kom van die huwelik as onontbindbaar tot die dood toe, sal dus geleidelik hierdie waarheid praktyk moet maak. **Die reformasie van egskeiding en hertrou moet geleidelik gebeur.** In die woorde van van Bruggen "Nu heeft de HERE zijn volk dat uit Egypte kwam en dat het leven in het verbond weer moest leren, met geduld geleid. Ze moesten de echtskeidingspraktijk afleren. Het onderwijs van Deuteronomium 24 legt in feite de echtscheiding onder een ban" (1979: 52).

Daar kan bv besluit word op 'n 'afsnydatum' van wanneer huwelike, egskeidings en hertrou volgens die bybelse standaard en manier hanteer sal word. Ja, die sondige mens sal misbruik maak van hierdie 'oorlooptyd', maar hierdie skrywer sien nie ander praktiese oplossing nie.

Party kerke en verklaarders wat bogenoemde standpunt onderskryf, hanteer die probleem in die praktyk heeltemal verskillend:

- een kerkverband vereis dat alle onwettige 'huwelike' ontbind sal word, en dat 'n geskeidene met sy regte huweliksmaat sal hertrou, indien sy of hy nie reeds al 'getroud' is nie. In laasgenoemde geval moet die persoon enkellopend bly.
- Ander kerke laat geskeie persone toe as lidmate maar hul kan nie ampsdraers word nie.
- Ander weer handhaaf die beginsel in teorie maar nie in die praktyk nie.

My eie mening is dat God se geregtigheid en genade gehandhaaf moet word. Dit beteken dat die onontbindbaarheid van die huwelik konsekwent geleer sal word op elke vlak van nou af en vir die toekoms: deur prediking, katkisasie, huisbesoek, bybelstudies, ens. moet die gemeente opgevoed word geleer word dat:

a. die huwelik is onontbindbaar en kan alleen deur die dood ontbind word
b. egskeiding slegs o.g.v. owerspel toegelaat word
c. albei partye mag weer met mekaar trou of moet enkellopend bly

As gevolg van die sondige werklikheid en die feit dat ons ons in 'n kultuur van egskeiding en hertrou bevind, in die samelewing asook in ander kerke, wat dan gemaak ?

Hier meen ek dat 'n predikant saam met sy kerkraad elke geval op sy eie meriete sal moet hanteer, ALTYD gesien in die lig van bogenoemde Skriftelike uitsprake. Dit sou beteken dat al die 'onwettige huwelike' wat reeds in die gemeente bestaan, so gelaat en aanvaar word. Wanneer nuwe lidmate oorkom, moet hul duidelik bewus gemaak word van die gemeente se standpunt oor huwelik, egskeiding en hertrou.
Die feit dat mense in ander kerke uit onkunde verkeerdelik geskei en hertrou is, moet deeglik in ag geneem word in verdere pastorale optrede. Sodoende moet God se genade en vergifnis ook deeglik bedien word aan baie lidmate wat slagoffers was van verkeerde onderrig aangaande die egskeiding en hertrou.
Daar moet ook toegegee word dat goeie gereformeerde verklaarders al heelwat verskil het oor hoe tekste verklaar toegepas moet word in hierdie verskriklike vernietigende hartseergevalle waarin beide God se eer en die heil van die kerk aangetas word.

Die kerk van Christus sal dus ongeag watter stappe geneem word, konkreet haar standpunt moet herbesin oor huwelik, egskeiding en hertrou.

*5.3 Teologies*

Die heelbelangrikste oorweging, myns insiens, aangaande huwelik, egskeiding en hertrou, is hoe raak dit, hoe bepaal dit, of hoe beskadig of bevorder dit die afbeelding van Christus se verhouding met sy gemeente ?

Teoloë is van mening die huwelik is vandag ontbindbaar omdat in die Ou Testament daar doodstraf was vir egbrekers, maar in die Nuwe Testament is doodstraf vir owerspel afgeskaf. In die OT was die huwelik dus outomaties deur die teregstelling van die egbreker be-eindig, wat nie die geval is in die NT nie.

Daarop kan ge-antwoord word dat alle etici nie saamstem dat doodstraf vir egbreek opgehef is nie, contra sekere verklarings van Joh.8:1-11. Het ons nie juis hierdie probleem vir onsself geskep nie ? Miskien moet ons opnuut besin oor waarvoor die doodstraf nog wel toegepas moet word, bv. moord, verkragting en egbreuk? Met verwysing na Lev.20:10, Deut.22:22 én Joh.8:1-11 aangaande die owerspelige vrou, skryf Ursinus in sy verklaring op die Heidelbergse Kategismus (1997: 399):

> De gewone straf van God tegen de overspelers, in Zijn wet gesteld, is de dood ... Die straf is onder het Nieuwe Testament niet afgeschaft.

Verder word beweer dat God/Christus dan wel sy volk geskei het in die Ou Testament:

> 8 En Ek het gesien toe Ek uit oorsaak van die owerspel van die afkerige, Israel, haar verstoot en haar haar skeibrief gegee het, dat die ontroue, haar suster Juda, nie bevrees was nie, maar gegaan en ook self gehoereer het. – Jer.3:8 (sien ook vers 20)

Dit is wel so dat Christus sy volk skei, maar dan is dit net vir 'n tyd. Die volk verbreek telkemale sy huweliksverbond ... maar, dank God, Hy bly getrou. God skei nie sy volk om met 'n ander volk te trou nie. Nee, Hy hou sy seëninge vir 'n tyd terug om haar te tugtig, maar in sy ewige liefde neem Hy haar weer terug. Dus, die ware Israel in die OT en NT is vir tye geskei van 'tafel en bed', maar nooit is Christus ontrou aan die vrou van sy verbond nie. Daarom sê die HERE ook in vers 12 van Jeremia en in 31:3,

> Gaan en roep hierdie woorde na die noorde toe uit en sê: Keer terug, o afkerige, Israel, spreek die HERE. Ek sal julle nie donker aankyk nie, want Ek is *goedertieren*, spreek die HERE; Ek sal die toorn nie vir ewig behou nie. ... Ja, Ek het jou liefgehad met 'n *ewige* liefde; daarom het Ek jou getrek met goedertierenheid.

In Esegiël 16, waarin die afskuwelik hoereerdery van die verbondsvolk op die mees eksplisiete wyse geskilder word, vir 59 verse lank, eindig dit met die volgende woorde:

> 60 Ewenwel sal Ek dink aan my verbond met jou in die dae van jou jeug, en Ek sal met jou 'n ewige verbond oprig. 61 Dan sal jy aan jou weë dink en skaam wees, as jy jou susters aanneem wat groter is as jy, by dié wat kleiner is as jy, en Ek hulle aan jou as dogters gee; al is dit nie kragtens die verbond met jou nie. 62 En Ek sal my verbond met jou oprig, en jy sal weet dat Ek die HERE is; 63 sodat jy kan nadink en beskaamd staan en jou mond nie meer oopmaak vanweë jou skande nie, as Ek vir jou versoening sal bewerk oor alles wat jy gedoen het, spreek die Here HERE.

Die vraag is: indien ons hertrou vir geskeides wie se huweliksmaats nog lewe, goedkeur, beeld ons dan nie –wetend of onwetend- vir Christus as 'n hoereerder uit nie ? Sê ons nie dan daardeur Christus se verbond met sy volk is voorwaardelik nie? As die volk nie heilig genoeg is nie, verlaat Christus hulle en trou weer met 'n nuwe volk. Sodoende kom die verlossingsleer ook onder spanning, want Christus het vir ons gesterf, d.w.s. met ons getrou of getrou gebly *terwyl* ons nog goddeloos en sondaars was (Rom.4:5; 5:8; Ef.2:5).

Contra Adams se definisie hierbo, is die huwelik dus nie 'n sosiale kontrak nie, maar 'n huweliksverbond tussen twee mense wat God bymekaar gebring het, en wat alleen ontbind kan word deur die dood. Dit sal dalk beter wees om dan te sê dat die persone van die huwelik wel 'van tafel en bed geskei' kan word, maar dat die huwelik self nie ontbind kan word nie. Die huwelik is 'n *lewens*lange verbintenis oftewel verbond: "... marriage is a lifelong, unbreakable bond in reflection of the everlasting covenant of grace. .. the unbreakable bond of marriage is an important aspect of the great gospel truth of the faithful, unbreakable covenant of grace between God and His elect church in Jesus Christ, the real marriage of which earthly marriage is a symbol." (Engelsma, 1998: 155).

Christus verwag van sy kinders om dieselfde gesindheid as Hy te handhaaf, naamlik om te vergewe en te versoen. Christus, wat totaal sondeloos en goed was, het juis ter wille van sy liefde vir ons, selfs nou terwyl ons nog steeds geneig is tot die sonde, steeds getrou gebly aan ons en sal dit uit genade wees. Dit is wat die Here ook verwag van sy kinders wat deur die misdaad van egbreuk partykeer moet skei en hoop en bid vir hul huweliksmaat se bekering en terugkeer (Engelsma, 2005: 52):

> Members of the congregation, including ministers and elders, look their own children and grandchildren in the eyes and call them to a life of self-denial: being a eunuch for the kingdom of heaven's sake. The grace of Christ is sufficient. By the Spirit of Christ, their brief earthly life will be God-glorifying and rich. And the glory that will be their reward is so great that the present suffering is not worthy to be compared with it. Christ will eternally make up to them their temporal loss.

## 7. Slot

Die *Christian Reformed Church of America*, met wie die GKSA in kerkverband staan, het in die 20ste eeu beweeg van die standpunt van verwerping van hertrou na egskeiding, en die gepaardgaande weerhouding van lidmaatskap vir mense wat weer getrou het; *na* die standpunt van die toelating van geskeides, hetsy of dit die onskuldige of skuldige party was, in die 1950's.

Lewis Smedes, seker een van hul bekendste etici, skryf dat die rede daarvoor nie nuwe inligting of eksegese was wat hul in die Bybel ontdek het nie. Hy verwoord die rede as volg (Engelsma, 2005:49):

> More sons and daughters of the faithful were getting divorced and were marrying again. Before World War II the church could exclude such people on the assumption that they would very rarely be their own loved ones. After the war, however, local congregations discovered that persons whom they loved as brothers and sisters in Christ - and, yes, their own children - were doing it. And it was very hard to look their own sons and daughters in the eyes and say to them: "You will go to hell unless you leave your present spouse."

Smedes is van mening dat menslike realiteit ons mening oor egskeiding en hertrou moet verander, d.w.s. ons (sosio-historiese?) omstandighede moet (mede)bepaal hoe ons die Skrif vandag verstaan. Daarom skryf Smedes ook verder:

> Does the church's dramatic move from the exclusion to the embrace of divorced and remarried Christians provide a precedent for an embrace of homosexual Christians who live together in a committed partnership? My answer to my own question is, Yes, it does seem to me that our embrace of divorced and remarried Christian people did indeed set a precedent for embracing Christian homosexuals who live together.

Smedes is van mening dat die aanvaarding van hertrou na egskeiding die 'presedent' geskep het wat die weg gebaan het vir die aanvaarding van homoseksuele 'huwelike.'

Engelsma (2005: 51) waarsku dat "the church that has caved in to the pressures of the lawlessness of these last days in the matter of remarriage will eventually do so also in the matter of homosexuality."

Van Bruggen (1979: 53) gee ook die volgende vermaning vir die kerk van Christus in hierdie verband:

> De kerk is geroepen om de echtscheidingen (*en enige ander saak, kan bygevoeg word* – SLC) te beoordelen, niet naar de maatstaf van de praktijk, maar naar de norm van God. Deze norm is duidelijk: wie, afgezien van overspel, tot echtscheiding komt, is verplicht die scheiding ongedaan te maken of ongehuwd te blijven. In zulke gevallen is het huwelijk wel voor de overheden ontbonden, maar niet voor God. De kerk is geroepen om niet met de overheid, maar met Gods Woord in de pas te blijven. De kerklijke tucht volgt in zulke gevallen niet de wereldlijke rechter. De kerk dient tweede huwelijken die na een voor God ongeldige scheiding tot stand kwamen, dan ook niet kerkelijk te bevestigen.

As 'n mens die bogenoemde statistiek en bespreking lees (hoofstuk 2), dan kan 'n mens nie anders as om te sê: hierdie etiese geweld teen God, gesin en gemeenskap laat ons land se misdaadprobleem en die homoseksuele aanslag na 'n Sondagskoolpiekniek lyk.

Mag die kerke nog vir hierdie skrikwekkende sondige situasie 'n dag van verootmoediging uitroep sodat ons sal terugkeer na die leer van die Skrif aangaande egskeiding en hertrou, in die woorde van Jesus Christus (Matt.19:6):

> Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie.

**Bronnelys**


AMOATENG, A.Y. 2004. The South African Family: Continuity or Change. HSRC Ten Years of Democracy Seminar Series. Pretoria: HSRC.

ADAMS, J. 1980. Marriage, Divorce and Remarriage in the Bible. A Fresh Look at What Scriptures Teaches. Grand Rapids, MI: Zondervan.

BIRKETT, K. 2000. The Essence of Feminism. Kingsford: Matthias Media.

BOTHA, J.A. 2003. Narratiewe Pastorale Egskeidingsmediasie. Stories van Hoop. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

BYBEL. 1953. Die Bybel: dit is die ganse Heilige Skrif wat al die kanonieke boeke van die Ou en die Nuwe Testament bevat. Kaapstad: Bybelgenootskap Van Suid–Afrika.

CALVIN, J. 1998. Calvin's Commentaries: Harmony of the Gospels. Albany, OR: Ages Software, Inc.

COETZEE, J.C. DE KLERK, B.J., FLOOR, L. 1980. Die hermeneuse van die Skrif met die oog op hedendaagse kerklik-etiese vraagstukke. *In die Skriflig*, Jg.12, nr.54: 12-26

CORNES, A. 2002. Divorce and Remarriage. Biblical Principle and Pastoral Practice. Ross-hire: Mentor.

DE BRUYN, PJ. 1993. Die Tien Gebooie. Midrand: Varia Uitgewers.

ENGELSMA, D.J. 1998. Marriage. The Mystery of Christ & The Church: The Covenant-Bond in Scripture and History. Grandville, MI: Reformed Free Publishing Association.

ENGELSMA, D.J. 2005. Samengevoegd. Bijbelse Richtlijnen voor Huwelijk en Seksualiteit. Kampen: De Groot Goudriaan.

ENGELSMA, D.J. 2005. Until Death Us Do Part. "The Sad Case of Bert Zandstra" and Other Essays on Marriage, Divorce, and Remarriage. South Holland, IL: South Holland Protestant Reformed Evangelism Committee.

GISPEN, W.H; OOSTERHOFF, B.J. & RIDDERBOS, H.N., eds. 1977. *Bybelse Ensiklopedie.* Kaapstad:Verenigde Protestantse Uitgewers.

GROENEWALD, E.P. 1973. Die Evangelie van Markus. Kaapstad: Lux Verbi.

HANDELINGE van die Sinode 1964

HEYNS, J.A. 1986. Teologiese Etiek 1/2. Kaapstad: NG Boekuitgewers.

HOUSE, H.W. 1990. Divorce and Remarriage. Four Christian Views. Downers Grove, Ill: IVP.

KROEZE, J. (red.). 1982. Venster op die Huwelik. Openhartige vrae oor die seksualiteit en liefde. Potchefstroom: PU vir CHO.

LOGOS 2.O Logos Library System

MACARTHUR, J. 2001. Divorce and Remarriage. Panorama City: Grace Community Church.

MURRAY, J. 1961. Divorce. Phillipsburg, NJ: P&R Publishing Co.

RETIEF, F.J. 1990. Egskeiding. 'n Antwoord van Hoop. 'n Suid-Afrikaanse perspektief. Kaapstad: Struik.

STOTT, J. 1990. Issues facing Christians Today. New Perspectives on social & moral dilemmas. London: Marshall Pickering.

URSINUS, Z. 1997. Het Schatboek der verklaring van de Heidelbergse Catechismus. Houten: Den Hertog.

VAN BRUGGEN, J. 1979. Het Huwelik Gewogen. 1 Korinthe 7. Amsterdam: Uitgeverij Ton Bolland.

WALKER, W. 1997. A History of the Christian Church. Edinburgh: T&T Clark.

WENHAM, G.J. & HETH, W.E. 1997. Jesus and Divorce. Carlisle: Paternoster Press.